MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

6 Desember 2021

JAARVERSLAG
MNR. J.H. KRÜGER – SKOOLHOOF

Ons groei nie wanneer iets maklik is nie,
ons groei wanneer iets 'n uitdaging is.

Die Monties-personeel is hardwerkend en entoesiasties en ek is oortuig daarvan dat hulle lojaal is aan u kind en die skool. Baie van die personeel se tyd word agter die skerms spandeer aan beplanning, nasien en ander administratiewe take. Die tyd spandeer in die klas en aan buite-kurrikulêre aktiwiteite vorm maar net 'n deeltjie van hul verantwoordelikhede. Ek is trots daarop om deel van hierdie span personeel te wees en weet dat hierdie handjievol mense 'n positiewe verskil maak in die lewens van ons leerders. Soms neem dit langer om raak te sien, want die invloed van onderwys is subtiel en baie daarvan is eers oor 'n langer termyn sigbaar.

Die personeelkorps bestaan uit die skoolhoof, 14 klasonderwysers, 'n rekenaarklasopvoeder, 'n bibliotekaresse, 'n leerondersteuningsopvoeder, 5 onderwysassistente, 'n finansiële beampte/sekretaresse, 'n ontvangsdame, 'n terreinopsigter en 3 algemene assistente. Hiervan word 13 personeellede deur die staat vergoed en die balans van 15 is in diens van die beheerliggaam. Ons is in die bevoorregte posisie dat ons beheerliggaampersoneel kan aanstel, om die klasgroottes te verklein en meer hande het vir buite-kurrikulêre aktiwiteite. Die WKOD voorsien ook net 2 van die 4 algemene assistente. Hierdie situasie kan egter net behoue bly solank ons skoolgelde getrou betaal word en ons steeds kan staatmaak op u ondersteuning vir fondsinsamelings.

Akademie

Grondslagfase

Op 15 Februarie 2021 het die eerste kwartaal amptelik begin vir die leerders. Ons het die Gr. 1-leerders en ouers verwelkom in die saal en daarna is die skooldag met groot opgewondenheid begin.

'n Inligtingsaand vir ons nuwe gr. 1-ouers en 'n Ope-aand vir die voornemende gr. 1-ouers van 2022 is in Februarie gehou.

Vanaf 31 Mei kon ons al ons leerders terug verwelkom by die skool waaroor ons baie opgewonde was. Vir sommige was dit skoon vreemd om weer langs iemand by dieselfde tafel/ bank te werk.

Gedurende die jaar is daar op verskeie dae iets prettig gedoen, net om die dag so 'n bietjie op te vrolik. Twee dae wat uitgestaan het, was 'n dag toe leerders met 'n vrolike hoed of versiering kon skool toe kom en 'n "Funky Feet" dag. Die leerders het dit baie geniet.

Die Grondslagfase-leerders het verlede jaar gewoeker en met die Bussieprojek is genoeg geld ingesamel vir 'n nuwe klimraam. Dié nuwigheid is vanjaar al behoorlik gebruik.

Die Gr. 3-leerders het op 14 Oktober hulle Sistemiese Toetse geskryf. Ons vertrou dat ons leerders pragtige uitslae sal behaal. Uitslae word vroeg in 2022 vanaf die WKOD verwag. Baie leerders het ook aan Conquesta deelgeneem. Laasgenoemde is 'n nasionale kompetisie waaraan skole uit eie keuse deelneem. Die Grondslagfase behaal 'n gemiddelde van 90% vir Afrikaans. Welgedaan Monties.

Die leerders se boeke is deur die jaar gereeld huis toe gestuur sodat die ouers hul kinders se vordering kon monitor. Ouerbesoeke wat deur 'n groot aantal ouers bygewoon is, het plaasgevind. Baie dankie vir die ondersteuning wat u vir u kind gee. Boekkontrole en moderering van assesseringstake is deurlopend deur die departementshoof behartig.

Die Gr. 1-klas van 2022 het ons skool besoek op Vrydag 12 November. Dit was 'n lekker kuier-dag met vele aktiwiteite en baie pret. Ons sien baie uit na hul koms in die nuwe skooljaar.

Dankie aan al die leerders in die Grondslagfase vir hul harde werk deur die jaar. Ons wens ons graad 3's alles van die beste toe vir 2022, wanneer hulle die volgende fase van hul skoolloopbaan betree.

Intermediêre- en Seniorfase

Die Monties kon hul 2021-skooljaar eers in die middel van Februarie afskop, na verlengde inperkingsmaatreëls gedurende die vakansie ingestel is. Leerders moes natuurlik volstoom aan die werk spring en getrou hul tuiswerk doen, om sodoende al die nodige werk baas te raak.

Na 'n meningspeiling is daar besluit dat leerders voortgaan om elke tweede dag skool by te woon, in plaas daarvan om een week skool te gaan en die volgende week tuiswerk te doen. Die graad 7-lokale is groot genoeg sodat al die graad 7's kon terugkeer skool toe.
Die Algemene Inligtingsaand was hierdie jaar slegs vir graad 4-ouers gehou. Die ander grade se ouers het die nodige inligting in 'n omsendbrief ontvang.

Een normaliteit waaroor ons baie dankbaar was, was dat alle leerders 31 Mei teruggekeer het skool toe. Dit was wonderlik om almal weer in een klas te hê.
As gevolg van die instelling van vlak 4-inperking het die skool vroeër gesluit as beplan en is die kwartaal nie soos gewoonlik afgesluit nie. Dit het vreemd gevoel om nie rapporte aan 'n einde van 'n kwartaal uit te gee nie, maar ons het geleer om aanpasbaar te wees.

Ons het in die derde kwartaal weer uitdagings gehad soos met die derde golf van Covid-19, wat baie van ons leerders geraak het. Ons is dankbaar dat onderrig kon voortgaan sonder verdere inperkingsmaatreëls.

"Projek" was 'n woord wat in hierdie kwartaal op elke taalonderwyser se lippe was. Dit was 'n nuwe konsep. Die doel is dat leerders meer blootgestel word aan navorsing en letterkundige werke beter leer ken. Soos met alle nuwe dinge het dit met redelike onsekerheid gepaard gegaan. Met die nodige leiding van die WKOD en harde werk van die onderwysers is die taak suksesvol afgehandel en het ons leerders oor die algemeen baie goed in die projek presteer.
Die graad 7's het 'n virtuele skryfkursus wat deur die skrywer, Troula Goosen aangebied is, bygewoon. Hulle het dit geniet en sal dit ook in hul skryfwerk kan toepas.
Die graad 6-leerders het vanjaar weer die Sistemiese Toetse wat deur die WKOD opgestel is, op 14 Oktober voltooi. Ons glo ons leerders het na wense presteer.

Kwartaal 4 se hoofdoel is om voor te berei vir die laaste toetse en assesserings van die jaar, na alle werk van die kurrikulum voltooi is. Ons leerders is goed onderrig en deeglike vaslegging het plaasgevind.

Een lekkerte van hierdie kwartaal was dat leerders saam met hulle ouers weer tydens 'n saalbyeenkoms hul akademiese sertifikate kon ontvang, wat kwartaalliks toegeken word.
Ouerbesoeke is elke kwartaal gehou. Dankie aan elke ouer/voog wat die afspraak nagekom het. Dit was in u kind se belang om die onderwyser/s te spreek waar daar bekommernisse was.

Die WOW-spelfees het weer hierdie jaar plaasgevind. Ons het aan die spelfees wat slegs vir gr. 4 en 7 was, deelgeneem. Die formaat het heelwat verskil van die spelfees wat voor Covid-19 plaasgevind het. Daar het nege leerders aan die aanlynkompetisie deelgeneem. Hulle het baie mooi presteer en het elkeen 'n sertifikaat vir hul deelname ontvang.
Die Conquesta-uitslae was weer puik. Die volgende vakke: Afrikaans, Engels, Wiskunde, PSW (gr. 4 – 6) en LO (gr. 7) is geskryf. Ons leerders spog met 17 Platinum- en 29 Diamantsertifikate. Beslis 'n prestasie om op trots te wees!
Die Monties het ook aan die SA Wiskunde Uitdaging (AMESA) deelgeneem. Verskeie leerders het ook hier gewys dat hierdie Wiskundeprobleme hulle nie baasraak nie.

Aan die einde van 2021 is ons dankbaar dat die akademiese jaar goed afgeloop het. Baie geluk aan elke leerder wat deur die jaar hard gewerk het en nuwe deure vir hul toekoms oopgemaak het. Dankie aan elke ouer en voog wat in moeilike tye steeds hul kinders ondersteun en aanmoedig. Ons besef dit stel hoë eise aan u, maar sodoende help u om sekerheid en 'n gevoel van ondersteuning by u kind te vestig.

Biblioteek

"Maak van jou kind 'n boekwurm", aldus Jaco Jacobs, 'n bekroonde kinderboekskrywer.
Die waarde van lees kan nie genoeg beklemtoon word nie en om die geleentheid te kan hê om weekliks en ook tussenin aan die toorkuns van boeke blootgestel te kan word, is werklik 'n voorreg.

Ons kon sedert kwartaal 1 weer aan ons leerders die geleentheid gee om boeke uit te neem. Die opgewondenheid was groot onder die meeste van ons leerders.

Biblioteekleiers vir elke klas is deur die jaar aangewys. Hulle is trots op die verantwoordelikheid wat aan hulle toevertrou word en kwyt hulle goed van hul taak. Helpers word deur die leiers benoem wat laasgenoemde bystaan, sodat die uitleenproses seepglad en ordelik verloop.

'n Groot verskeidenheid nuwe boeke is aangekoop vir beide die Grondslag- en Intersenfase. Die nuwe reekse wat aangekoop is, vind groot byval by die leerders. Lekkerlees storieboeke van die skrywer, Troula Goosen, is ook aangekoop vir die gr. 7's se skryfkursus.

Die gr. 1- en 2-leerders het aan 'n inkleurkompetisie deelgeneem, waarvan 3 leerders uit elke klas beloon is met 'n klein geskenkie. Die gr. 3-leerders het ook aan die beurt gekom deur 'n boekresensie te skryf en wenners uit elke klas het ook 'n beloning ontvang.

LAPA het op Dinsdag 31 Augustus en Woensdag 1 September by ons skool 'n suksesvolle boekuitstalling kom hou. Leerders het op die eerste dag die geleentheid gehad om per klas die boeke op die uitstalling te bekyk. Die skool het ook 'n groot aantal boeke aangekoop. Aankope deur ouers het ook 'n substansiële afslag op ons aankope verseker.

'n Besonderse hoogtepunt van die derde kwartaal was die Boekkarakterdag wat op Donderdag 30 September gehou is. Die leerders het baie moeite gedoen om hul gunsteling boekkarakter uit te beeld.

Die senior lesers kon in kwartaal 3 'n storieboek en/of een boek uit die vakliteratuurversameling uitneem. Laasgenoemde is natuurlik ook vir navorsing uitgeneem om take te voltooi. In dié proses kom leerders ook agter dat daar ook "lekkerlees" nie-fiksie (feite) boeke is.

Gedurende die vierde kwartaal kon die Intersenfase leerders vir 'n maand lank boeke uitneem voor die begin van die toetsreeks, terwyl die GF vir 'n langer tydperk boeke kon uitneem en na hartelus kon lees. Die gr. 3's kan nie meer wag om volgende jaar aan die "grootkant" van die biblioteek boeke uit te neem nie.

Ons glo die Monties gaan ook gedurende die lang vakansie tyd inruim om te ontspan met 'n lekker storieboek.

Rekenaarklas

"Students need to be given the chance to CREATE with technology, not just learn to use it."

Ons rekenaarsentrum is 'n groot bate waarop ons baie trots kan wees. Ons leerders leer nie net die basiese vaardighede nie - baie van ons leerders is goed daarmee vertroud. Heelwat meer in diepte vaardighede word aangeleer, wat onontbeerlik vir elke leerder sal wees. Rekenaarklasse

het die jaar met groot ywer voortgegaan en ons wil graag hê dat die Monties ook skeppers van tegnologie word.

Gedurende die jaar se rekenaargeletterdheid is onderwerpe aangepak soos grafiese programme, muis- en tikvaardighede, asook tegnieke soos *copy*, *cut* en *paste*, wat veral beklemtoon is vir die Grondslagfase.

Die gr.4- tot 6-leerders het hard gewerk om hulle *Powerpoint* vaardighede op te skerp. Die gr.6- en 7-leerders het in Paint 3D die 3-dimensionele wêreld ontdek en modelle gebou. Die gr.7's het voortgegaan om HTML aan te leer. Hulle het ook ander onderwerpe bespreek soos die binêre-getallestelsel en hoe *bits* en *bytes* werk. Gedurende die vierde kwartaal het die gr.4- tot 6-leerders in meer diepte na *Microsoft Word* gekyk en in gr.7 is rekenaar-programmering bespreek. Hulle het met die *Scratch* program baie oulike speletjies geskryf. Die gr.7's was hierdie kwartaal beslis skeppers van tegnologie en nie net gebruikers nie.

Verder is die rekenaarklas gebruik deur alle gr.3 tot 7-leerders om die *Greenshoots* Wiskunde-program te gebruik. Leerders het hierdie kwartaal ook aan die *Greenshoots* hoofreken-uitdagings deelgeneem en ons skool baie goed verteenwoordig. Hulle het hierdie 'ander manier' van wiskunde oefen ook baie geniet. Leerders word ook aangemoedig om hierdie program by die huis te gebruik om bv. hulle tafels en hoofreken te oefen. Greenshoots kan by die volgende skakel gevind word, waar leerders dan met hul eie *username* en *password* inteken: https://maths.gsed.co.za/

Daar is verder 'n projek vanaf die WKOD geloods om leerders te motiveer om in hulleself te glo en te groei – "Growth Mindset". Hierdie konsep vorm deel van ons Jaartema, wat gefokus is op positiewe waardes in die skool en gemeenskap. Gr. 4 – 7 leerders moes hierdie take in die rekenaarklas voltooi.

Die belangrikheid van ons kinders se veiligheid op die internet kan nie genoeg beklemtoon word nie. Ouers is aangemoedig om die webtuiste https://beintouch.org.za te besoek en bietjie meer uit te vind oor die skokkende statistiek, maar ook wenke te kry oor hoe hulle hul kinders kan help. Rianette Leibowitz, 'n kenner op die gebied van internetveiligheid, het 'n boek, *Raising a screen savvy child / Maak jou kind skelmslim,* geskryf wat beslis van groot waarde vir ouers kan wees.

Slegs die 2 gr. 3-klasse, die biblioteek en mnr. Krüger se klas moet nog met interaktiewe witbordtegnologie toegerus word, dan beskik alle klasse in die skool oor hierdie tegnologie. Die gr. 3 klasse word vroeg in die nuwe jaar toegerus. Tans onderrig mnr. Krüger in die gr. 7 klasse. Hierdie is vir ons 'n groot mylpaal, wat oor die afgelope jare verwesenlik is.

Leerders

So was 2021 weer 'n jaar met nuwe uitdagings en ondervindings. Tog was dit heelwat makliker as al die aanpassings van 2020. Vir die grootste gedeelte van die jaar, kon ons skool op 100% kapasiteit funksioneer, waaroor ons baie bly is. Tog was daar baie afwesighede met leerders

wat moes isoleer of wat self siek was. Ons het uitgesien na klasuitstappies en toere, wat ook nie kon plaasvind nie.

Op Donderdag, 30 September, het elke leerder 'n worsbroodjie gekry ter viering van die lente. Dit was vir die leerders heerlik om net 'n bietjie te kon ontspan by die skool. Die individuele foto's is geneem en dié foto's is weer gebruik om klasfoto's saam te stel.

Ons bedank graag ons prefekte vir 2021, naamlik: Jacobus Beukes, Sergio Burger, Mia Dettbarn, Meeke Esterhuyse, Lena Joubert, Janae le Roux, Emma Olivier, Ruby-Rose O'Shea, Nell Smit, Juan Southey, RW van Deventer en Manique Victor. Hulle het hulle goed van hul taak gekwyt en ons is trots op hierdie Monties.

Die taakgroepe is ook aan die begin van die jaar aangewys en ten spyte van 'n ingekorte buitemuurse program, het hulle steeds hard gewerk en die personeel gehelp met belangrike take.

Geniet die vakansie en ons hoop 2022 is maskerloos en gevul met baie sport!

Landsdiens: *me. Li-Anne Stemmet*
Vanjaar kon die normale kampe waaraan die Landsdieners gewoond is, nie plaasvind nie. Die Landsdiens Wes-Kaap het dit goedgedink om 'n aanlynkamp te hou. Dit was 'n vreemde belewenis, maar tog het die leerders wat deelgeneem en foto's geplaas het van hul projekte, dit geniet. Ons vertrou dat daar volgende jaar weer geleentheid sal wees om kampe by te woon en aktiwiteite by die skool aan te bied.

Fisies

'n Instandhoudingsprojek by die skool is gedurende die jaar aangepak. Verskeie take is afgehandel. Onder meer is die kleedkamers en saal se dakke vervang met nuwe dakplate; die kleedkamers is nuut uitgeverf en alle krane en toilette nagegaan; kleiner herstelwerk is ook gedoen. 'n Waterbesparingstelsel is geïnstalleer, alle ligte en ligskakelaars is vervang.

Veiligheidsligte buite die skool is geïnstalleer. Daar is tans nog take wat gefinaliseer moet word. Die beheerliggaam het verskeie projekte aangepak, waaronder die verf van die saal binne.

Ons steunpersoneel werk daagliks baie hard om die skool skoon en netjies te hou, asook om die terrein in stand te hou. Elke middag word die lokale gesaniteer. Hulle werk hard; ons het min personeel in hierdie afdeling en hulle doen werklik hul bes. Mnr. Filander doen ook kleiner herstelwerk self, wat baie help om dit vinnig af te handel. Ons het die afgelope tyd ekstra hulp ontvang in die vorm van drie algemene assistente wat deur die Presidensiële werkverkaffingsprogram aan die skool toegeken is. Sonder hulle is daar net vier personeellede wat al die werk doen. Hulle is beslis staatmakers.

Kultuur

Die afgelope jaar het ons ongelukkig weer min geleentheid gehad vir deelname aan kultuur-aktiwiteite.

Aan die begin van die tweede kwartaal het Meeke Esterhuyse, Lily Christine Stemmet en Lienka Joubert deelgeneem aan die jaarlikse ATKV-Redenaarskompetisie. Daar is 'n opname van hul puik toesprake gemaak en dit is ingestuur vir beoordeling.

Die Junior- en Seniorkoor is saamgestel nadat leerlinge die geleentheid gehad het om stemtoetse te doen, maar ongelukkig is ons weereens deur Covid-19 reëls gestuit voordat die oefeninge kon begin. Die kore kon eers in die vierde kwartaal weer begin oefen.

Dertien entoesiastiese Grondslagfase leerders het ingeskryf om aan ons interne redenaars-oggend deel te neem, maar omdat die skool vroeër gesluit het, kon 'n uitdun eers in die derde kwartaal plaasvind.

Die volgende leerders het ingeskryf vir ons redenaarskompetisies en pragtig presteer:

Grondslagfase Redenaarskompetisie
Eerste: Jeannesse van der Merwe
Tweede: Cari Conradie
Derde: Liam Roux
Vierde: Lila Venter

Gr.4 en 5-Redenaarskompetisie
Eerste: Bea Pool
Tweede: Rigter de Koning
Derde: Luan Koekemoer en Mariké-Mari McAlpine

Gr.6 en 7-Redenaarskompetisie
Eerste: Meeke Esterhuyse
Tweede: Lily Christine Stemmet
Derde: Sergio Burger

MONTAGU JEUGKUNSTEFEES

Goud
Meeke Esterhuyse

Silwer
Esther de Bruin, Neve Alston, Roux Datson, Kaylah Hughes, Olivia Alston, Ilke van Deventer, Mariké-Mari McAlpine, Bea Pool, Keeshia de Vlam, Lodewyk Beukes, Janae le Roux, Lena Joubert, Mia Dettbarn, Ruby-Rose O'Shea

Brons
Jessica Wiese, Liné van Eeden, Annabella van den Berg, Faith Hoofd, Gemma Cole, Tiffany Daniels, Alaina Meyer, Avenathi Bhozo, Ethan Kristoffels, Jeannesse van der Merwe, Kylie Basson, Emma Hahndiek, Luan Koekemoer, Amelia van Zyl, Adriana Visagie, Chaelli Jansen, Jaime Johnson, Lily Christine Stemmet, Emma Olivier, Jadelyn van Wyk, Manique Victor, Regard Krause

Meriete
Jani Fourie

WORCESTER EISTEDDFOD

Die volgende leerders het deelgeneem aan Eisteddfod by die skool en het puik uitslae verwerf.

Medalje
Ehrin Fortuin

Cum Laude
Meeke Esterhuyse, Regard Krause, Ruby-Rose O'Shea, Jaime Johnson, Lily Christine Stemmet, Adia Philander, Liam van der Merwe, Lize Rossouw, Craig du Toit, Chenia Plaatjies, Hailey Kiewiets.

Goud
Jacobus Beukes, Manique Victor, Elaine Venter, Raydon Williams, Corli Gous, Lodewyk Beukes, Jaydah Cloete, Cameron George, Lienka Joubert, Bea Pool, Luka Southey, Emma-Louise van Zyl, Shawnley Brown, Rigter de Koning, Luan Koekemoer, Carolina Smit, Christiaan van Eeden, Annabelle van Zyl, Emma Hahndiek, Mariké-Mari McAlpine, Katy Wolmarans, Chloe van Zyl, Herman Joubert, Deha Engel, Jimal Klaasse, Cari Conradie, Roux Datson.

Silwer
Zaun Marthinus, Zack Roos, André Bosman, Keshia Jantjies, Liné van Eeden, Viljoen Conradie, Anzél Joubert

Die Junior- en Seniorkoor was baie opgewonde om aan die begin van die laaste kwartaal weer te begin oefen.

Storieskip het die skool besoek met hul produksie, Wees veilig. Dit is bygewoon deur die gr.1 tot 4 Monties, asook leerders van Babbel en Bekkie en Montagu Pre-Primêre Skool.

Gedurende die jaar is die leerders se algemene kennis verbeter. 'n Vasvrareeks, "Ek weet," opgestel deur Dawid van Lill, is deur die klasonderwysers in die klasse behandel. Leerders se kennis is elke kwartaal getoets deur 'n algemene kennisvraestel te beantwoord.

Die kore kry die geleentheid om by ons Erkenningsaande vir die eerste keer dié jaar op te tree (*al is dit slegs deur na 'n opname te luister*). Baie dankie aan ons koorleidsters me[e.] Elize Thiart

(Juniorkoor) en me. Madelene Victor (Seniorkoor), asook ons begeleier mnr. Jaco Beeslaer, wat graag vanjaar aan verskeie optredes sou wou deelneem.

Buite skoolverband: Besondere Prestasie

Lily Christine Stemmet het dié jaar provinsiaal en nasionaal gekwalifiseer om aan die *South African Championships of Performing Arts* deel te neem in Rustenburg. Hier behaal sy agt goue medaljes en vier silwer medaljes in verskeie afdelings. Sy kwalifiseer ook om Suid-Afrika volgende jaar in Los Angeles te verteenwoordig. Lily Christine is 'n uitstekende ambassadeur vir ons skool en ons is baie trots op haar.

Sport

Atletiek:

Kleure-atletiek 2021

Amy Fluks is die beste dogtersatleet en Viljoen Conradie die beste seunsatleet in die Grondslagfase. Die junior Victor Ludorum is deur Jenö Jacobs verower. Die junior Victrix Ludorum is deur Layla Vorster verower. By die seniors het Raydon Williams die Victor Ludorum en Corli Gous die Victrix Ludorum verower. Manique Victor verower die beker vir die beste prestasie tydens die byeenkoms.

Rekords tydens die kleure-atletiek:

S12	Diskusgooi	Zaun Marthinus	28,74m
S12	Gewigstoot	Zaun Marthinus	11,20m
S13	Diskusgooi	RW van Deventer	35,82m
S12	150m Hekkies	Raydon Williams	23,98s
S12	75m Hekkies	Raydon Williams	13,35s
S12	Hoogspring	Raydon Williams	1,40m
S7	80m	Viljoen Conradie	14,02s
D8	80m	Amy Fluks	13,82s
D8	60m	Amy Fluks	10,20s
S10	80m	Jenö Jacobs	11,65s
S11	Gewigstoot	Zack Roos	11,13m

Baie geluk aan hierdie atlete met hul spogprestasies.

Ons Montie atlete het op Saterdag, 18 September 2021 aan 'n Worpe-byeenkoms in Mosselbaai deelgeneem en uitsonderlik goed presteer. Ons is báie trots op elke deelnemer.

Atleet	Item	Medalje	Prestasie
Zaun Marthinus o/12	Spiesgooi	Goud - **Rekord**	46,35 m **(SA rekord is tans 43,91 m)**
	Diskus	Goud – **Rekord**	36,87 m
	Gewigstoot	Goud - **Rekord**	12,51 m
	Trofee vir Meeste punte deur o/12 seun		
RW van Deventer o/13	Spiesgooi	Goud - **Rekord**	41,45 m
	Diskus	Brons	34,10 m
	Gewigstoot	Brons	9,76 m
	Trofee vir Meeste punte deur o/13 seun		
Manique Victor o/13	Diskus	Silwer	24,66 m
	Gewigstoot	Brons	7,73 m
Zack Roos o/11	Diskus	Goud	26,32 m
	Gewigstoot	Brons	11,94 m

Op 2 November 2021 het die atletiekoefeninge gedurende die sportperiodes begin.
Op Saterdag, 12 November 2021 het 9 atlete gaan deelneem aan 'n Boland Ontwikkelingsbyeenkoms in die Paarl. Die atlete het hier ook baie goed presteer. Altesaam is 12 eerste plekke en 5 derde plekke behaal. Die uitslae is as volg: RW van Deventer (spiesgooi 1ste, diskus 1ste), Anja Wolfaardt (spiesgooi 3de, gewigstoot 3de), Zaun Marthinus (spiesgooi 1ste, gewigstoot 1ste, diskus 1ste), Raydon Williams (hoogspring 1ste, verspring 1ste, hekkies 3de), Keeshia de Vlam (hoogspring 1ste, verspring 3de), Zack Roos (gewigstoot 1ste, diskus 3de) en Jenö Jacobs (hoogspring 1ste, 80m 1ste en hekkies 1ste)

Atletiek-afrigters Opleiding:
Op Saterdag, 6 November 2021 het die personeel van Laerskool Montagu 'n atletiekkursus by Laerskool Montagu bygewoon. Mnr. Jannie Nel van Mosselbaai is 'n afrigter wat baie individuele atlete afrig en ook sy eie Atletiek-akademie het.
Die kursus het velditems en baanitems ingesluit. Nege atlete het gehelp met die demonstrasies.

Tennis:
Die tennis het afgeskop op 22 Februarie. Die leerders is per uitnodiging genooi om te kom uitspeel vir die skoolspan. As gevolg van COVID-19 bestaan die skoolspan hierdie jaar uit slegs 4 seuns en 4 dogters.

Daar is slegs 2 wedstryde gedurende die eerste kwartaal gespeel naamlik teen Laerskool Koo en Laerskool Robertson.

Nege van Montagu se personeellede het op 9 September 'n *High Performance* Afrigtingskursus bygewoon. Dit is aangebied deur Vincent Mokhitli. Die onderwysers het dit baie leersaam gevind en sal die kennis wat hul opgedoen het effektief kan toepas in hul afrigting.

Somersport-oefening het in die vierde kwartaal hervat. Die leerders het daarna uitgesien om weer op die tennisbaan te wees. Oefeninge is getrou bygewoon.

Die Monties tennisspan het op 9 November 'n vriendskaplike wedstryd teen die Koo gespeel. Dit was vir die Monties baie lekker om 'n slag wedstryd te speel. Hulle het enkels en gemengde dubbels gespeel. Ongeag die warm weer, het die Monties hulle beste gegee en as wenners uit die stryd getree.

Die dogters wen 2 van die 4 enkelwedstryde, terwyl die seuns al 4 hul enkelwedstryde wen. By die gemengde dubbels is 3 van die 4 wedstryde gewen.

Hokkie:

In April is daar met die eerste seisoen van hokkie by Laerskool Montagu begin. Daar is met groot entoesiasme en harde werk weggespring om die nodige vaardighede aan te leer wat nodig is om die sport voluit te kan speel. Daar was ongeveer 40 spelers van graad 1 tot 7 wat elke Maandag en Woensdag na skool ge-oefen het. Die Monties het 'n baie suksesvolle kursus by Hoërskool Robertson bygewoon om hul vaardighede op te skerp. Baie dankie aan ons ouers wat help met afrigting, waar me^{e}. Elizma Meyer en Carla Joubert die voortou neem.

Netbal:

'n Groot groep opgewonde dogters het aangemeld vir die begin van die netbalseisoen. Elke Dinsdag en Donderdag het 0/7 tot 0/13-dogters geoefen onder leiding van goeie, gemotiveerde afrigters. Almal was gefokus om vaardighede te slyp na 'n jaar van geen netbal.
Die o/11-, o/12- en o/13-dogters het aan dorpsproewe deelgeneem teen W.A. Rossouw op Dinsdag, 20 April.

Die volgende netbalspelers het aan die Montagu dorpsproewe deelgeneem en is gekies om deel te neem aan die Langebergproewe:

o/11	o/12	o/13
Emma-Louise van Zyl	Corli Gous	Meeke Esterhuyse
Lienka Joubert	Keisha Botha	Manique Victor
Rhonecia van Zyl	Jaime Johnson	Euwaycia Eyberg
Aneisha Philander		Ashanti de Bruin
		Tasneem Steyn

Die volgende netbalspelers is gekies vir die Langebergspan en het gaan deelneem aan die Wynland-Noord netbalproewe op Worcester:

o/11	o/12	o/13
Lienka Joubert	Corli Gous	Manique Victor
Aneisha Philander	Keisha Botha	Euwaycia Eyberg
	Jaime Johnson	Ashanti de Bruin
		Tasneem Steyn

Die volgende netbalspelers is gekies vir die Wynland-Noord netbalspanne en sou gaan deelneem aan Wynland proewe, maar ongelukkig weens Covid-19 moes alle proewe gestaak word.

o/11	o/12	o/13
Aneisha Philander	Corli Gous Jaime Johnson	Euwaycia Eyberg Ashanti de Bruin Tasneem Steyn

Rugby:

Ons het met afwagting uitgesien na die rugbyoefeninge wat sou begin. Spanne van o/7 tot o/13 het met groot geesdrif opgedaag en begin oefen met die aanvang van die seisoen. Ons het aanvanklik baie aandag aan fiksheid en hantering gegee.

Stelselmatig het die spanne in meer vaste strukture begin oefen en is hulle geslyp vir kontakoefeninge, wedstryde en ook proewe. Ongelukkig het die derde vlaag van Covid-19 weer ons oefeninge gestuit en die kontaksport is uitgestel tot verdere kennisgewing. Ons kon nie weer rugby in dié jaar speel nie.

Krieket:

Die krieketoefeninge het in die vierde kwartaal begin vir o/11 en o/13 seuns, asook dogterskrieket vanaf o11-o/13. Heelwat spelers het opgedaag en die oefeninge baie geniet.

Die krieketwedstryd wat Donderdag, 28 Oktober tussen twee o/13-Montie krieketspanne sou plaasvind, is ongelukkig gestop weens donderweer.

Mini-Krieket:

Ons het in die vierde kwartaal weggespring met mini-krieket en baie opgewonde klein Monties gehad by die oefeninge. Leerders het dit vreeslik geniet om vir die eerste keer in die COVID-19-tydperk aan krieket deel te neem. Ons sien vreeslik uit daarna om volgende jaar voort te gaan met die oefeninge en so ook weer ons eie Montie Mini-krieketdag te kan hou.

Ons glo en vertrou dat ons volgende jaar al die sportkodes sal kan aanbied en dat ons weer voluit wedstryde sal kan speel. Die jaar was weliswaar 'n teleurstelling wat betref die geleentheid tot deelname en wedstryde. Die skoolbestuur en beheerliggaam het egter besluit om veiligheid voorop te stel en het daarom sport ingeperk, sodat ons leerders sover moontlik gesond kon bly ter wille van die akademie.

Weerbaarheid

Volgens die H.A.T. beteken "weerbaar" *geskik om te veg; strydbaar*.

Die laaste ding wat ons in die skool doen, is om die leerders te leer om te baklei. Die samelewing vereis egter van ons om te "veg" teen verskeie aanslae, wat meestal gerig is op ons emosies en waardes.

Ons jaartema vanjaar was *Deure na môre!* Die doel van die jaartema is om op 'n weeklikse basis verskillende positiewe waardes en aksies voor te hou aan ons leerders. Sommige weke word daar gefokus op sport, akademie en kultuur. Ons deel weekliks sertifikate uit aan leerders wat die week se tema op 'n besondere wyse uitgeleef het. Ons beskou hierdie waardegedrewe beginsels as baie belangrik vir ons skool en gemeenskap. Ons poog om ons leerders emosioneel sterk te maak, maar ook te leer wat positiewe waardes en optredes teenoor ander is.

Die skool het vanjaar deel gevorm van 'n projek deur die WKOD, naamlik die *Change Mindset* projek, wat deel vorm van die *Transform to Perform* strategie van die WKOD. (Lees gerus meer hieroor by https://wcedonline.westerncape.gov.za/transform-perform). Die personeel het opleiding ontvang terwyl 'n komitee 'n verdere 2 dae se opleiding ontvang het. Ons leerders het na verskeie video's gekyk en vraelyste voltooi, wat hul meer van hulself kon leer. Leerders vanaf gr. 4-7 het daardeur ook geleer hoe om 'n *Google Vorm* aanlyn in die rekenaarklas te voltooi. Die vraelyste is vooraf gedruk en in die klas deurgewerk, waarna die leerders hul antwoorde vasgelê het, onder toesig van me. Enslin en hul klasonderwyser.

Die WKOD het baie hulpbronne en tyd spandeer aan die ontwikkeling van hierdie projek en ons glo dat dit op die langer termyn 'n positiewe verskil in ons kinders se lewens sal toevoeg, wat weer 'n positiewe verskil kan maak in ons samelewing.

Personeelsake

Die Monties het aan die begin van die jaar vir Mnr. Waldo Erasmus by ons skool verwelkom en teen hierdie tyd is hy bekend en staan hy sy plek vol by ons skool.

Me. Sonét Kloppers en haar man het 'n babaseun ryker geword. Me. Claudina Morkel het ons verlaat vir 'n nuwe departementele onderwyspos. In haar plek is Me. Yvette Hanekom aangestel. Sy is 'n ou bekende wat reeds verskeie kere in aflosposte waargeneem het.

As deel van personeelontwikkeling het die personeel gedurende die jaar vele opleidings-geleenthede benut. Talle kursusse en werkswinkels is aanlyn bygewoon om seker te maak dat alle onderwysers op hoogte bly van die nuutste verwikkelinge in die onderwys.

Aan die einde van 2021 groet ons vir Mnr. David Wolfaardt en Me. Nelmari van Wyk wat hul onderwysopleiding voltooi het. Me. Mishka Lakey verlaat ook ons diens aan die einde van die jaar. Ons beste wense vergesel hulle op hul pad vorentoe. Ons bedank hul graag vir al hulle harde werk en insette gedurende die tydperk wat hulle deel van die personeel was.

Ons was ook gelukkig om in November 7 klasassistente en 3 algemene assistente by die regering se BEEI-projek te kry (presidensiële werkverkaffingsprogram). Hierdie jongmense gaan ons vir die volgende paar maande help in die klasse en op die skoolgronde.
Graag wens ons die personeel 'n geseënde kersseisoen en 'n lekker tydjie van rus toe voordat ons 2022 met nuwe ywer aanpak.

Bemarking

Op 26 Februarie het skoolaansoeke vir 2022 geopen. Ons het 'n groot aantal aansoeke ontvang. Ouers het via die WKOD se aanlynstelsel kennis ontvang of hul kind plek het in Laerskool Montagu in 2022.

Ons jaarlikse Montie Mall het afgeskop op 10 Mei. Die Monties het hulself oortref met die verkope van die produkte. Dankie aan elkeen wat moeite gedoen het hiermee. Deelname hieraan word opreg waardeer. Me. Marga den Engelsman se klas was die topverkoper in die Grondslagfase en me. Li-Anne Stemmet se klas in die Intersenfase.

Ons skool se Facebook-blad is opgeskerp en ons nooi u uit om aan te sluit en deel te hê aan al die gebeurtenisse en verwikkelinge by die skool.

Gedurende kwartaal vier het ons een van ons grootste projekte vir die jaar aangepak – *The Hills Challenge.* Hierdie geleentheid het plaasgevind op 30 Oktober. Dit was 'n reuse sukses met nie net plaaslike deelnemers nie, maar van regoor die Wes-Kaap. Baie dankie aan die organiseerders wat voorgevat het en elke Montie-ouer wat gehelp het by hierdie dag. Die winste van die dag word alles teruggeploeg na die skool, tot voordeel van elke leerder.

Beheerliggaam

Die beheerliggaam is verkies op 30 Maart 2021. Dankie aan elke ouer wat deel was van die verkiesing. Die uitgaande beheerliggaam is tydens 'n oorgeevergadering bedank vir hul harde werk oor die driejaar-termyn as beheerliggaam. Hulle moes verlede jaar 'n onbekende pad stap met die uitbreek van Covid-19 en besluite moes geneem word vir 'n vreemde situasie wat niemand nog ooit ervaar het nie.

Die nuwe beheerliggaam het in onseker tye oorgeneem en het sonder skroom die uitdaging aanvaar. Heelwat mikpunte is gestel en met doelgerigtheid is hulle hard besig met hul nuwe taak. Ons het u as ouer se ondersteuning en insette nodig en het reeds voelers uitgesteek om uit te vind waar u graag in 2022 betrokke wil raak. Ons skool is deel van die gemeenskap en wil graag net die beste doen vir die leerders in ons skool. Wees verseker van die SBL se toegewydheid hiermee. As skoolhoof kan ek u verseker dat baie tyd en moeite spandeer word aan die verskeie take tot voordeel van ons skool.

Die huidige beheerliggaam bestaan uit: Pieter Stemmet (voorsitter & infrastruktuur), Burger Conradie (onder-voorsitter & bemarking), William-James Bussell (tesourier), Li-Anne Stemmet (sekretaresse & leerdersake), Lizanne van Eeden (fondsinsameling), Anton Rautenbach (sport), Werner van der Merwe (gekoöpteer: veiligheid), Annie Wigmore (nie opvoeder & algemene kommunikasie), Madelene Victor (opvoeder, akademie & kultuur), Marga den Engelsman (gekoöpteer: senior skoolbestuur), Jan Krüger (skoolhoof).

Algemeen

Die afgelope jaar het baie hoogtepunte gehad, tesame met die teleurstellings weens die implikasies van Covid-19. Ons dink aan families in die skool wat geliefdes verloor het en bid

steeds vir vertroosting. Ons besef hoe baie ons het om voor dankbaar te wees: talle skole moet personeel laat gaan, aangesien hulle net nie meer beheerliggaamposte kan bekostig nie, om een voorbeeld te noem; ons personeel bly verbind tot hul roeping om die beste onder die omstandighede aan ons leerders te bied; ons beheerliggaam is entoesiasties en ondersteunend; ons gemeenskap ondersteun die skool en is altyd bereid om te help. Ek bedank elke besigheid en individu opreg vir hul positiewe en lojale gesindheid teenoor die skool. Ek kan vele ander noem, maar is seker dat u dieselfde redes tot dankbaarheid kan insien en nog meer.

Ek wens elkeen 'n geseënde feestyd toe. Diegene wat 'n bietjie kan wegbreek - geniet elke oomblik en rus heerlik uit.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof
6 Desember 2021